

Hartlik welkom!

Op 'n plek van vreedsaamheid in die omgewing van Chrissiesmeer wag Ané en Nico Steinberg van moeë stedelinge tot stralende bruidspare in.

deur SCHALK SCHOOMBIE foto's MARSEL ROOTHMAN

Hoog in die noordelike gras-en-vleilande van Mpumalanga, in die hart van die distrik Chrissiesmeer, lê die pragtige plaas Florence.

"Kom trou in 'n sandsteenskuur," nooi hulle webwerf. Voor die Klipskuur waar groot bruilofsfeeste gevier word, troon 'n windpomp.

Klipkaggel, sandsteenmure, sinkplaat, 'n soomlose samesmelting van die aardse en 'n tikkie Franse flair – dis wat 'n besoek hier spesiaal maak.

"Die gebied rondom Chrissiesmeer het 'n sterk Skotse geskiedenis en talle plase het Skotse name," vertel Ané Steinberg (55), wat saam met haar man, Nico (57), die Florence-gastehuis-en-troulokaal besit.

"Florence het vir ons ook 'n Skotse klank, 'n vrou se naam, dink maar aan Florence Nightingale."

Die gastehuis het in 1997 geopen en organies gegroei tot ▸



GELOOF

◄ agt kamers. "Al die plaasgeboutjies op die werf het kamers geword, en nadat die troulokaal gebou is, was daar skielik 'n groot behoefte aan meer slaapplek en ons het nog vier kamers gebou en 14 tente bygevoeg.

"Dis grootwordwêreld vir my. Ek het hier in my kantoor gesit en oor een van die 270 pragtige panne en mere in die omgewing getuur en besef: As dit vir my so mooi is, sal dit vir ander ook mooi wees, en so is die toerismesaadjie geplant en die gastehuis gebore."

Dis mos die lewe!

Ané beskryf haarself as 'n "doener, 'n Marta – nié 'n Maria nie". Op haar 50ste verjaardag het Nico haar gevra wat sy tussen 50 en 70 gaan doen aangesien sy nog so baie energie het. "Hy't my aangemoedig om 'n groot droom te verwesenlik: om die vodde melkstal in 'n trouplek te omskep.

"Ek het vir 'n jaar gedink of ek wel so hard wil werk, maar my kreatiewe gees en handige en praktiese geaardheid kon net nie die gedagte laat los nie.

"Ons het nie genoeg geld gehad om die projek te voltooi nie, maar ek het so in myself en in die projek geglo dat ek net voortgegaan het… met die hoop op 'n banklening wat nooit gerealiseer het nie.

"Op die ou end het die Here op bomenslike maniere vir my voorsiening gemaak, en kon ons in Februarie 2012 ons deure oopmaak met my dogter Heléne se troue. Sy en haar man, Marius Coetzer, 'n rugbyspeler vir die Pumas, wen toe 'n paar maande later 'n tydskrif se bruidspaarkompetisie, en met sulke bemarking uit die Hemel uit gaan dit absoluut wonderbaarlik goed met ons projek."

Die behoefte vir 'n aantrekplek en haarsalon het Ané gelei om 'n deel van Nico se ou plaasskuur oor te neem en so het MooiNooi tot stand gekom.

Ané het geen besondere styl nagevolg nie, sy noem dit "Ané-styl" en het inspirasie geput uit tydskrifte oor tuisversiering.

"Bou en interieur was nog altyd 'n groot liefde vir my. Ek meng alle style met die mooiste uit elkeen."

Tydens haar navorsing het Ané die slagspreuk "*Go back to your roots*" gesien, en sy het besef dit is 'n sterk tendens.

"Die oumas en oupas en ooms het nie meer plase nie, maar daar is 'n diep behoefte om terug te keer na die platteland. Omdat ek daarvan hou om style te meng, was ek gelukkig om die regte elemente in die hande te kry om die ou plaasgevoel met 'n Franse krul te kombineer."

Die troulokaal het 'n tipies Afrikaanse plattelandse gevoel met tikkie 'n Franse "flirtasie". Die mure is van sandsteen en ou geroeste sinkplaat, gekomplementeer met naatlose witgrys sementvloere en minimalistiese kristalkandelare.

Die deure en vensters met afgedopte verf kom van toeka se dae. In die badkamers is unieke skoffelskaarkrane met koperpyp-afwerkings.

Dit is geleë langs 'n bloekombos op die oewer van twee foreldamme, met 'n uitsig oor een van die vele mere. Net onder die damme is 'n nostalgiese Hoëveldse syferfontein met tipiese treurende wilgerbome.

Die lieflike Boskatedraal, waar vele gaste al 'n geestelike belewenis gehad het, is in 'n denneplantasie met hoë dennebome waar sowat 200 mense op stompe kan sit, en die preekstoel is ook 'n houtstomp.

Om die area te definieer is ou waenhuisdeure by die ingang staangemaak. 'n Dieseltenk word as tafel by die ingang gebruik, waar daar dikwels warm drankies soos kondensmelkkoffie vooraf bedien word.

Gaste is gaande oor Ané se plaaskos: "Ek het gou besef mense soek kos wat pas by die plek. 'n Mens het 'n verwagting van plaasbrode, lekker stowegeregte, soet poedings en outydse wenners soos melkkos. Dis wat my gaste kry. "'n Paar lieflike vroue uit die omgewing is ons bobaaskokke."

Ané vertel dat menige besoekers al in die gewyde buitekerk 'n traan gestort en hulle eie klein belewenis ervaar het, wanneer die wind op die regte tyd deur die bos dwarrel of 'n sonstraal net op die regte plek op die regte tyd val. Boonop skep die baie voëls in die bos ook vir 'n spesiale stemming.

Geen wonder Florence se troulokaal was verlede jaar 'n finalis in die TopVendor-troutoekenning nie.

Tussen mere…

Met 287 voëlspesies wat hier voorkom, is Chrissiesmeer 'n paradys vir voëlkykers. Daar is sowat 270 mere en waterpanne in die omtrek van 20 km om Chrissiesmeer, wat nie ver van Carolina af geleë is nie, en 'n trekpleister vir die sowat 20 000 flaminke wat in die omgewing kom broei.

In die laatsomer land hier duisende flaminke. Die eerste waders of moerasvoëls arriveer in September, die beste tyd van die jaar vir vleiland-voëlkyk is dus tussen September en Maart. Kraanvoëls kan die hele jaar deur gesien word. Die bloukraanvoël sowel as die gryskroonkraanvoël broei in die Chrissiesmeer-omgewing, maar jy sal gelukkig wees om ook die lelkraanvoël te sien.

Die meerdistrik is ook die oorspronggebied van vier groot rivierstelsels: die Vaal-, Komatie-, Olifants- en Usuturivier. Twee van die varswatervisse wat hengelaars in die diepste panne kan vang, is baars en karp. ►

WELCOME

DANCE
LOVE
SING
LIVE

F
FLORENCE
since 1989

Die San en die Tlou-tle-stamme was inwoners van die omgewing, wat volgens oorlewering op vlotte op die groter mere gewoon het.

Die Voortrekkers het die dorp in die 1860's hier gevestig en dit genoem na Christina, die talentvolle dogter van president Marthinus Wessel Pretorius.

In die 1880's het die dorp 'n belangrike uitspanplek geword vir waens op pad na die goudmyndorp Barberton. Deesdae is dit ook 'n goeie afdraaiplek vir reisigers na KwaZulu-Natal, die Nasionale Kruger-wildtuin en Swaziland.

Die jaarlikse Paddanag op die eerste naweek in Desember lok kleurryke groepe entoesiaste wat die vleilande snags met flitse en emmers aandurf om die ondervinding, aangebied deur Chrissiesmeer Toerisme, mee te maak.

Die Chrissiesmeer-omgewing word ook Matotoland genoem, afgelei van *maxoxo*, die Swazi-woord vir padda. Dertien paddasoorte kom hier voor, onder meer die piepklein *Boettger's caco* (*Cacosternum boettgeri*) en die *rattling frog* (*Semnodactylus wealii*).

Watersport-entoesiaste kan hulle eie kano's, windryplanke of roeibote saambring en die mere op 'n ander manier aandurf. Die blommeverskeidenheid maak van somermaande 'n lus vir die oog.

Van Augustus tot Februarie is daar in dié wêreld veldblomme in oorvloed; insluitend 'n dosyn wilde orgideë. Die jaarlikse Wildeblommedag vind gewoonlik op die derde naweek in Januarie plaas.

Ané, 'n huishoudkunde-onderwyser, het in Chrissiesmeer-

Nico is die man agter die vrou en kan alles doen wat ek dink en droom...'

omgewing grootgeword, en Nico, 'n bedryfsingenieur, in die omgewing van Hendrina. Hulle is mekaar se jeugliefdes en al 40 jaar lank saam.

"Ons was saam op Carolina in die hoërskool, 'n ou skoolkys. Ná skool het ons albei ons weermagjaar gedoen en toe aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer."

"Nico is die man agter die vrou en kan alles doen wat ek dink en droom. Hy was ook vir 22 jaar 'n vuurbestrydende vlieënier gewees, maar help sedert verlede jaar met die troulokaal en gastehuis. Hy het sy eie vliegtuig en ons vlieg nog dikwels," vertel sy.

"Sy passie is vlieg en boer, maar ons moes die boerdery byna tot niet laat gaan om die troulokaal op die been te kry. Dit lyk darem of ons die boerdery weer aan die gang sal kry!"

Die Steinberg-egpaar het drie kinders. Wilhelm is 'n boer wat met Anja, 'n veearts, getroud is. Hy boer saam met sy oom op hul familieplaas naby Hendrina en het onlangs sy vlieglisensie gekry.

Heléne is 'n siviele ingenieur en woon op Nelspruit. Die Steinbergs se jongste, Jana, is 'n bedryfsingenieur en sy trou in Desember vanjaar met Danie, ook 'n ingenieur.

Die familie vergader gereeld op die plaas, maar omdat dit 'n gastehuis is, vlug hulle soms weg saam met die kinders na ander bestemmings en hulle Bosveldplaas buite Hoedspruit.

Geestelik leef die gesin volgens Handelinge 17:28: "Want in Hom leef ons, beweeg ons, en vind ons ons bestaan."

Die Steinbergs is gaande oor hulle tuisomgewing. "Ons gemiddelde hoogste temperatuur is 28 °C. Die beste tyd om te kom is enige tyd, dis net so mooi en koel en groen en vars soos die somer," mymer Ané. ■